


Veilige werkspraktyke

April 2015



Die instandhoudingsspan was besig om swaar pype aan die bokant van 'n reaktor terug te sit. Die reaktor is gespoel met stikstof om te verhoed dat suurstof in kontak kom met die katalis in die reaktor, en die reaktor se bokant was oop. (1) 'n Waarskuwingsteken het aangedui dat 'n permit nodig is om in die reaktor in te gaan omdat dit 'n ingeslote ruimte is, maar geen waarskuwing dat die reaktor vol stikstof is nie. Op die werkspermit is die blokkie wat vra: "Stikstofspoel of inerte atmosfeer" gemerk "N/A" – dus nie van toepassing nie (2).

Werkers besig met die pyp het opgemerk dat 'n rol met maskeerband (tape) in die reaktor geval het. Pogings om dit te haak met draad was onsuksesvol. Dis nie duidelik wat volgende gebeur het nie. 'n Werker het moontlik ingeklim om die maskeerband uit te haal met die bedoeling om weer vinnig uit te klim, maar hy is oorval deur stikstof. Andersinds het hy moontlik op die rand van die gat gesit om die maskeerband rol by te kom, sy bewussyn verloor as gevolg van stikstof by die opening en in geval.

'n Medewerker het gesien wat gebeur het en ingeklim om hom te red. Hy het ook bewusteloos geraak. 'n Reddingsspan, behoorlik toegerus, het opgedaag en die bewustelose mans uitgehaal, maar dit was te laat. Hulle is albei dood.

Het jy geweet?

- ❖ **Veilige werkspraktyke** vewys na prosesse wat gebruik word om goedkeuring te gee vir **nie-roetine** take, om gevare te beheer en veiligheidsrisiko's tydens die werk te bestuur.
- ❖ **Veilige werkspraktyke** gee soms toestemming vir werk deur **werkspermitte**, wat baie keer naagaanlyste insluit om seker te maak die gevare wat daar mag wees word verstaan.
- ❖ 'n **Nie-roetine taak** het nie te doen met hoe gereeld die taak gedoen word nie maar verwys na take wat **nie** deur standaard bedryfsprosedures beskryf word nie.
- ❖ Voorbeelde van veilige werkspraktyke is: Lynbreekprosedures, warmwerkpermitte, uitsluitprosedures, elektriese afsluitprosedures, ingang na ingeslote ruimtes, werk op hoogtes, permitte vir uitgrawings, ens.

Wat kan jy doen?

- ❖ Verstaan al die veilige werkspraktyke in jou aanleg, soos byvoorbeeld permit en toestemmings prosedures. Jy moet weet watter take vereis 'n permit en hoe gaan mens te werk om 'n permit te kry.
- ❖ As jy moet toestemming gee vir nie-roetine take, maak seker jy is behoorlik opgelei, verstaan die permit prosen en verstaan ook die gevare verbonde aan die taak.
- ❖ As jy 'n permit uitreik, maak seker die mense wat die taak gaan doen verstaan die gevare verbonde aan die werk.
- ❖ Moenie op ander staatmaak om te verseker toerusting is behoorlik veiliggestel nie. Kyk self.
- ❖ As jy 'n nie-roetine taak moet doen, maak seker jy het die regte permit om dit te doen, volg al die prosedures om die gevare te beheer en gebruik die korrekte beskermende klere en toerusting. As die taak verander terwyl jy besig is, kontak die persoon wat die permit uitgereik het om vas te stel of daar nuwe vereistes en voorsorg nodig is.

Verstaan jou aanleg se werkspermit stelsels!